

5 September

Skrifgedeelte: Josua 7:1-26
Fokusgedeelte: Josua 7:7-13

Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang nie – Ongehoorsaamheid verwyder ons van God

Toe die volk teen die klein dorpie Ai verloor, verstaan Josua nie meer die pad van God met hierdie volk nie. Dan bid hy ernstig. Hy gaan met sy kwellinge, soos ons ook behoort te doen, na God toe. Hy vra waarom die Here hulle in die beloofde land gebring het? Moet hulle hier sterwe? Eindelik gaan dit om die eer van God in sy gebed. Wat sal die Here doen om sy Naam te verseker onder die volke (vs 9b)? Josua se gebed klink opreg en vroom.

Dan gebeur daar iets vreesliks: die Here stop Josua in sy gebed (vs 10). Hoekom bid jy, Josua? Hoekom lê jy met jou gesig op die grond? God knip sy gebed kort. Die rede kry ons in vers 11: die volk het sy verbond verbreek en van die bangoed gesteel. Die volk se optrede het die Here voor die volke in oneer gebring. Hulle luister nie eers vir Hom nie. Dis die probleem: die volk se ongehoorsaamheid. Sonder om hierdie sonde te bely, is Josua se gebed nie 'n ware gebed nie. Juis daarom stop die Here hom om verder te bid. So 'n gebed maak mens blind vir jou sonde. Jy kyk vas teen die situasie, jou nood, jou pyn, jou ellende – maar jy bely nie jou sonde nie.

Dit kan gebeur dat ons by ons sonde verby bid sonder om ons te bekeer. Dan bid ons rustig aan, sonder om ons verhouding met God reg te maak. Ons kan mos nie na God gaan as ons ongehoorsaamheid en sonde tussen ons en Hom staan nie. Onbelyde sonde by 'n gelowige, gesin of kerk maak die pad na God bot toe. Dan dink ons ons is nog kerk van God, maar die getuienis na buite in die wêreld word deur ons sondes geblokkeer.

God verdra nie sonde nie. Hy het eerder sy eie Seun gestraf as om ons sonde van ongehoorsaamheid te verduur. Deur sy Gees soek Hy bekering, vernuwing, om as verlostes uit sy genade te leef. Dit beteken dat ons met ons sonde na Hom moet vlug. Die Heilige God leef immers vandag nog onder bekeerde mense. Mense wat hulle ongehoorsaamheid voor Hom bely en regmaak. Ook Akan en sy sonde, om van die banvloek te vat, moes eers uit die weg geruim word voor God verder met hulle op pad sou gaan.

Hoe lyk jou gebede ? Staan dit nog in die lig van bekering en ware gehoorsaamheid? Mag God deur sy Gees ons gebede toets, ons selfs in die rede val as ons bid, sodat ons waarlik kan bid!

Sing: Psalm 25:2 (2001)

Ds. T.J Potgieter (Port Elizabeth)